

Saterdag 18 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:1-5

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:3

**Bediening van die Woord bring geestelike opbou, bemoediging en
vertroosting**

Paulus roep die Korintiërs op om altyd te onthou dat die hoofdoel van die geestelike gawes is om die gemeente op te bou. Hy beklemtoon dat waar die gawe van profesie getrou gebruik is – Geesvervulde bediening en prediking vandag – word gelowiges opgebou, bemoedig en vertroos.

- Geesvervulde bediening van die Woord bou eerstens op. Daarom is die gemeenskap van gelowiges so belangrik – daar word die Woord bedien – *iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou*. Die prediker het ook die verantwoordelikheid om die Woord suiwer te bedien.
- Geesvervulde bediening van die Woord bemoedig tweedens. Woord en Heilige Gees gaan saam. Ons word deur die Heilige Gees bemoedig – bygestaan en ondersteun. Hy help ons om te getuig van die Blye Boodskap van verlossing in Jesus Christus.
- Geesvervulde bediening van die Woord vertroos derdens. Ons word gehelp om nie te vrees nie en om onder moeilike omstandighede kalm te bly. Die storms van vrees, ang en wanhoop word tot bedaring gebring. Dit help ons om rus in die teenwoordigheid van Jesus te vind. “Moenie vrees nie, bly net glo” is die boodskap van die Woord by al die worstelinge van die tyd.

In Christus is ons gesalf tot profete – ons moet die Woord bedien. Geesvervulde bediening van die Woord bring opbou, bemoediging en vertroosting.

Sing: Psalm 119-1:40

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)